Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Polsslag

7 Februarie 2021

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

EREDIENS VANDAG @ 09:00

Teks gedeelte:	1 Tim 4:6 - 16
Teksvers:	1 Tim 4:7
Tema:	Geestelike dissiplines is die tree na God se rigting in my lewe

UITSENDING

Facebook

https://www.facebook.com/GKBenoni/videos/?ref=page_internal

Of Youtube:

https://www.youtube.com/channel/UChwv07pC4q7YCWPxpW5xEGg

Koinonia

- *Ons dra alle lidmate op in gebed wat met hul gesondheid worstel of vir operasies moet/reeds gegaan het vir spoedige beterskap*

- *Thea van Wyk is steeds in die hospitaal nadat sy 'n histerektomie ondergaan het.*
- *Jacob van Wyk is Vrydag opgeneem in die hospitaal met erge rugpyn.*

As jy wil deel wees van die gebedsgroep op whats-app of sms, stuur asb 'n boodskap aan Donsie Krüger op 084 627 2393 en vra dat sy jou op die groep sal byvoeg.

Eredienste in die kerkgebou.

Die kerkraad vergader Woensdag, 10 Februarie, waar daar onder andere besluit geneem moet word wanneer eredienste by die kerkgebou weer sal hervat.

Kommunikasie in die verband sal gekommunikeer word op verskeie platforms, maar as jy navraag het in die verband kan die kerkkantoor gekontak word op

011 849 2054

Bid asb. dat die Heilige Gees die kerkraad sal lei met insig en wysheid in besluite wat geneem moet word.

VERJAARSDAE 7 -13 Feb

Baie geluk aan almal wat hul verjaarsdae vandag en in die komende week vier.

7 Feb	Carl Herbst
	Carmen van der Merwe
	Kevin Watt
8 Feb	Ehann Calitz
	Thys Blignaut
10 Feb	Patrick Katz
	Elané Schoeman
11 Feb	Ben van der Walt
	Tienie Tait **
12 Feb	Willem Greyvensteyn
	Pieter Vermaak
13 Feb	Melani van Wyk
	Jacob van Wyk
	Amoré Human

KOLLEKTES VIR VANDAG

Diens van Barmhartigheid

Snap here to donate

SnapScan

Dankbaarheidsfonds

Snap here to pay

SnapScan

Kollektes kan dmv. EFT in die kerk se bankrekening betaal word.

Onthou asb. om die **DOEL** as verwysing aan te dui

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK : ABSA

TJEK REK : 220 340 333

VERWYSING: **Volle Naam, Van & Doel**

BENUT JOU GAWES DEUR BY 'N DIENSGROEP BETROKKE TE RAAK.

Die volgende diensgroepe benodig hulp

KATKISASIE:

Daar is groot behoefte aan kategete vir 2021 wat op Sondae na die oggenddiens om katkisasie aan verskeie ouderdomsgroepe aanbied te bied. As jy jouself geroepe voel vir hierdie baie belangrike dienswerk te verrig kontak asb. dringend Madaleen Calitz op 079 283 3798 of ds. Braam Krüger op 082 459 5636.

MULTIMEDIA EN TEGNIESE DIENSGROEP:

Daar word dringend gesoek vir persone (enige ouderdom) om hier betrokke te raak. Hierdie dienswerk is uiters belangrik, veral wanneer direkte uitsendings weer elke week gaan plaasvind. Daar word ten minste 3 bekwame persone per diens benodig, en hoe meer mense hier betrokke raak hoe ligter raak die werk vir die huidige lede van die diensgroep.
Volledige opleiding sal gegee word.
Kontak gerus vir Eddie Jansen van Vuuren op 083 327 6634 vir meer inligting of as jy graag by die diensgroep betrokke wil raak.

GK BENONI KATKISASIE.

Alle ouers van kinders wat nog nie

katkisasie-leerstof afgehaal het nie,

moet asb vir Madaleen Calitz kontak op 079 283 3798

om reëlings te maak om dit af te haal.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang • Ds JAG Henning (Kosie) van GK Harrismith na GK Daspoort

Beroepe bedank • Ds HW Schutte (Hennie) van GK Wesrand na GK Boksburg

Met opgewondenheid en blydskap nooi ons u hiermee uit om deel te wees van ons Jubeljaar ter viering van Gereformeerde Kerk Cachet se 50 genadejare.

Enige en alle lidmate van Cachet (hede en verlede) word hiermee opgeroep om saam te kom feesvier!

Die volgende geleenthede word beplan:

•DV 18 – 21 Maart 2021:	Fees(fiets)toer na Zorgvliet
•DV 29 April 2021 – 17 Junie 2021:	50dae Uitdaging
•DV 17 Junie 2021: *(Amptelike verjaardagdatum)*	Lofsangaand
•DV 27 – 29 Augustus 2021:	Feeskamp te Nooitgedacht
•DV 1 – 3 Oktober 2021:	Feesnaweek en Dinee

Navrae kan gerig word aan die kerkkantoor by 0794947360.

Goeie dag alle voornemende Pretoria eerstejaar en ouers

Ons weet dat 2021 se eerstejaars verlede jaar baie verliese gelei het – sport, kultuur, matriekafskeid en matriekvakansie is alles gekanselleer. Verder is UP se oriëntasie week aanlyn geskuif en selfs die koshuis inwoning is beperk. Daar is ‘n groot behoefte aan kontak met mense, en dit bly NB om geloofsvriende te ontmoet saam wie jy hierdie nuwe fase in jou lewe kan aanpak. Ons seniorstudente is ook baie opgewonde om die nuwe eerstejaars touwys te maak en te ondersteun waar moontlik. Verder bly ‘n Afskopkamp net ‘n uitstekende manier om die jaar met die regte perspektief aan te pak… Daarom nooi ons weer **alle eerstejaars van 2021 wat in Pretoria kom studeer (by enige tersiêre instansie)** om saam ons te kom kamp..

Die huidige Covid-19 regulasies het ons gedwing om ons Pretoria Eerstjaars-Afskopkamp se reëlings aan te pas. Ons wil baie graag ‘n geleentheid skep om steeds ‘n mate van ‘n kamp te hou, maar wat **binne die regulasies** is en waar die **risiko vir die verspreiding so klein as moontlik** gehou word.

Die nuwe reëlings is dus as volg:

Datum: 2-4 Maart (2 nagte)

Plek: Dinokeng Resort (net buite Pretoria)

Ons het ‘n paar staanplekke bespreek en gaan in tente kamp. Dit is heeltemal wettig, aangesien hierdie oorde besigheid mag doen onder die huidige regulasie. Ons beperk die verspreiding deur groot slaapsale waar baie mense saam slaap te vermy. Die hele kamp geskied ook in die buitelug.

Aktiwiteite: Die oord bied verskeie aktiwiteite soos swembaddens & “supertubes” so ons hoef nie groot groep aktiwiteite te hou nie. Al die etes, besprekings, Bybelstudies ens. sal in klein groepies plaas vind. Ons sal die groepe wissel dat almal mekaar kan leer ken.

Vervoer: Om te verhoed dat almal saam in ‘n bus ry, kry ons mekaar by die oord. Ons sal natuurlik help met vervoer reëlings indien nodig

Koste: R 300pp. Dit sluit die bespreking, bykosse en brunch in. Albei aande gaan ‘n bring en braai wees – eie vleis en drinkgoed. Bring ook eie “snacks” vir tussen die etes. (Tente en kamptoerusting sal ons onder mekaar reël as jy inskryf. Daar is ‘n opsie om ‘n chalet te boek teen ekstra koste vir jou eie sak)

Inskrywing: Volg hierdie skakel om in te skryf en vir meer inligting:

https://forms.gle/CM9By6fg2K74pxyi6

Indien daar enige navrae is. kontkak my gerus by:

084 049 6216

jacques@gkbrooklyn.org.za

GKB gereformeerde kerk brooklyn
uit Hom | deur Hom | tot Hom

Jacques Tredoux
Predikant by Brooklyn-Gemeente
jacques@gkbrooklyn.org.za
+27 84 049 6216